DR. H. DE VOS, *Nieuwe Testament en Mythe. Het Vraagstuk der Ontmythologisering,* G. F. Callenbach N.V., Nijkerk, 1953, 87 bls.

Dr. de Vos gee hier in sy kenmerkende helder styl 'n kritiek op

die beskouinge van die Marburgse nuwetestamentikus Rudolf Bultmann. Van stap tot stap gee hy ons egter 'n helder begrip van Bultmann se beskouings voordat hy tot kritiek oorgaan.

Bultmann is die leier van die beweging om die N.T. veral maar ook die hele Bybel te „ontmitologiseer". Daarmee word bedoel dat die boodskap van die N.T. in 'n mitiese gewaad gehul is wat dit vir die moderne mens onaanvaarbaar maak, sodat dit noodsaaklik is om die N.T. te ontmitologiseer voordat die N.Tiese boodskap in die moderne wêreld tot sy reg kan kom. In kort formuleer Bultmann sy begrip van mite soos volg: „Mythos ist der Bericht von einem Geschehen oder Ereignis, in dem übernatürliche Kräfte oder Personen wirksam sind" (p. 63). Hy beroep hom vir hierdie opvatting op die godsdienshistorici, wat de Vos as heeltemaal foutief aantoon. Wat de Vos egter nie aantoon nie, is dat Bultmann se begrip van mite presies in 'n lyn lê, ja woordeliks dieselfde is as dié van die sg. Mitiese Skool met sy hoofverteenwoordigers Heynë, Eichhorn, Gabler, de Wette en D. F. Strausz.

De Vos se kritiek kom hoofsaaklik daarop neer dat die eerste taak van die eksegeet moet wees om uit te vind wat in die Skrif staan en so na daaraan as wat menslik moontlik is, te bly. Hoewel Bultmann se doel is om die Evangelie tot sy reg te laat kom, reduseer hy tog die Bybelse boodskap om by sy vooropgestelde idees te pas. Hy voer hierdie reduksie uit omdat 1. hy nog in die ban van die liberale teologie staan, hoewel hy verklaar dat hy daarteenoor staan; 2. hy die Bybelse boodskap vir die moderne mens met sy natuurwetenskaplike uitkyk aanneemlik wil maak; in hierdie strewe maak hy die mentaliteit van die moderne mens tot kriterium vir sy hermeneutiek; 3. die Bybelse wêreldbeeld en die moderne natuurwetenskaplike wêreldbeeld (nie te verwar met wêreldbeskouing nie) radikaal verskil en die Bybelse wêreldbeeld vandag volkome onaanvaarbaar is; 4. hy heeltemaal onder die invloed van Heidegger se *Sein und Zeit I* staan; Bultmann reken dat die N.T. die mens tot „Selbstverständnis" bring en dat hierdie „Selbstverständnis" dieselfde is as wat in ons tyd in Heidegger se filosofie bereik word. Daarmee word Heidegger se filosofie in 'n groot mate die fondament van die hermeneutiek van Bultmann. Bultmann verongeluk die doelstelling van sy ontmitologisering self in sy wyse van werk.

Die werkie is in sagte band gebrosjeer, maar is op goeie papier smaakvol uitgegee. Ons beveel die boekie ten sterkste aan vir elkeen wat op hoogte met teologiese stromings wil bly.

P. S. Dreyer.